# AFDELING 4

In Afdeling 4 (HOOFSTUK 13 en die BIBLIOGRAFIE) word die ondersoek kortliks saamgevat en ŉ volledige bibliografie aan die hand van 'n aangepaste *Harvard* metode verskaf. Die hoofstukindeling van dié afdeling lyk soos volg:

HOOFSTUK 13 SAMEVATTING
BIBLIOGRAFIE

# HOOFSTUK 13 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bevat die samevatting en kortlikse uiteensetting van die proefskrif met die titel: **Persoonlikheidstyle by erediensgangers: ’n Prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® (Myers-Briggs Type Indicator®) persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek.**

Na die titelblad, verklaring en erkennings, volg ‘n *Abstract* wat in Engels ‘n kort oorsig bied oor die tema en skopus van die proefskrif en ‘n tweetalige lys met basiese sleutelwoorde wat akademiese verwysings en ondersoek sal vergemaklik. Daarna volg die INHOUDSOPGAWE met ’n volledige uiteensetting van Afdelings, Hoofstukke en onderafdelings.

## 13.1 Afdeling 1

In Afdeling 1, wat uit die eerste twee hoofstukke van die proefskrif bestaan, word die voorwoord, inleiding, metodologie, struktuur en begripsomskrywing van die ondersoek vervat. Hoofstuk 1 (INLEIDING EN METODOLOGIE) sit die basiese Navorsingsvoorstel, die motivering vir die keuse van die onderwerp, die formulering van die probleem, doel- en vraagstelling, die karakterisering, beplanning en struktuur asook die metodologie en tegniese versorging van die ondersoek uiteen.

In Hoofstuk 2 (BEGRIPSOMSKRYWING) word aandag gegee aan die aanvanklike omskrywing van die sleutelbegrippe in hierdie proefskrif. Al die begrippe in die titel van die proefskrif word omskryf, en daarmee saam ook ander relevante begrippe ten opsigte van die tema en die praktiese teologie soos byvoorbeeld liturgie, liturgiewetenskap en liturgiek. Van die begrippe word later in die proefskrif meer volledig aangevul, soos wat die spesifieke temas ter sprake kom.

## 13.2 Afdeling 2

Afdeling 2 omvat saam met Afdeling 1 die teoretiese fase van die ondersoek en verskaf 'n breedvoerige uiteensetting van die teorie, met die oog op teoretiese konseptualisering. Hierdie afdeling bevat onder andere die teoretiese uiteensetting van prakties-teologiese grondlyne (Hoofstuk 3), 'n uiteensetting van drie belangrike hermeneutiese eksponente: Gadamer, Habermas en Ricoeur (Hoofstuk 4), verskillende faktore wat die oordrag en verstaan van die heilsboodskap in 'n erediens beïnvloed en medebepaal (Hoofstuk 5), die bespreking van persoonlikheid, persoonlikheidstyle en -tipes (Hoofstuk 6), die breë evaluering van verskillende moontlike psigometriese instrumente wat 'n bydrae sou kon lewer in die ondersoek asook die motivering en bespreking van die keuse vir die MBTI® persoonlikheidstyluiteensetting (Hoofstuk 7), die evaluering en motivering van Jung se psigologiese model wat die MBTI® onderlê (Hoofstuk 8), 'n uiteensetting van die teoretiese onderbou van die MBTI®-meetinstrument (Hoofstuk 9) asook 'n breedvoerige uiteensetting en verduideliking van al sestien MBTI® tipologieë (Hoofstuk 10).

In Hoofstuk 3 (PRAKTIES-TEOLOGIESE GRONDLYNE) word die praktiese teologie as 'n kommunikatiewe handelingsteorie getipeer met vier basisteoretiese velde wat handel oor die Pneumatologies-Christologiese begronding van kommunikatiewe handelinge in die erediens (die werking van die Heilige Gees en Jesus Christus), kommunikasieteorieë (die kommunikasie van die Evangelie), ekklesiologie (kerk- en gemeentewees) en oor die antropologie (perspektief op menswees). Verder word die homiletiek en hermeneutiek breedvoerig beskryf, naas liturgie, liturgiek en die liturgiewetenskap wat reeds in Hoofstuk 2 uiteengesit is. Homiletiek word as Trinitaries begaaf, Christologies begrond, Pneumatologies bemiddel en dialogies gekommunikeer, gedefinieer en hermeneutiek word met verwysing na Herder, Schleiermacher, Dilthey en Heidegger en aan die hand van ses kronologiese invalshoeke gedefinieer. Verder word die verband tussen

hermeneutiek en psigologie (wat van kardinale belang is vir die proefskrif en die erediensgebeure) ook bespreek.

In Hoofstuk 4 (DRIE HERMENEUTIESE EKSPONENTE) word ‘n uiteensetting van drie belangrike hermeneutiese eksponente naamlik Gadamer, Habermas en Ricoeur se hermeneutiese invalshoeke verskaf. Al drie eksponente beoefen ‘n dialogies-kommunikatiewe hermeneutiek wat die raamwerk van die proefskrif vorm. Hans-Georg Gadamer se filosofiese hermeneutiek, Jürgen Habermas se Ideologie-kritiek en Paul Ricoeur se hermeneutiek van suspisie word kortliks uiteengesit. Vervolgens word moontlike kritiek op die eksponente bespreek en daarna word die waarde en toepassing van Gadamer, Habermas en Ricoeur se hermeneutiese insigte vir persoonlikheid en die effektiewe oordrag van die Evangelie in die erediens (waaroor die proefskrif handel), uiteengesit.

In Hoofstuk 5 (VERSKILLENDE FAKTORE WAT DIE OORDRAG EN VERSTAAN VAN DIE HEILSBOODSKAP IN ‘N EREDIENS BEÏNVLOED EN MEDEBEPAAL) word ander bydraende faktore wat ook ’n bepalende rol in die oordra en verstaan van die Evangelieboodskap speel, ondersoek. Hierdie faktore vorm die konteks (*lebenswelt*) van die erediensganger wat saam met verskillende persoonlikhede in die erediens verreken moet word. Daar word gekyk na die behoeftes en verwagtinge by die erediensganger en die liturg. Verder word die spiritualiteit en religieuse ervaring aan die hand van Ware en die leefwêreld en tydgees waarin die erediensganger hom-/haarself bevind, kortliks uiteengesit. Codrington en Grant-Marshall se generasieteorieë, Erikson se agt psigologiese ontwikkelingsfases en Fowler se sewe stadia van geloofsontwikkeling word kortliks aangeraak. Vos se vier selektiewe momente in die erediens naamlik ‘selektiewe instelling’, ‘selektiewe waarneming’, ‘selektiewe onthou’ en ‘selektiewe luister’, asook ander faktore soos die politiek, verhoudinge, sosiale konteks, kleredrag, status en die gemoedstoestand van erediensgangers word ook kortliks verreken. Die taal en kultuur, integriteit, die seksuele en geslagtelike oriëntasie en verdedigings-meganismes van die erediensgangers en liturg word verder aangeraak.

Laastens word enkele voorlopige opmerkings oor die rol van persoonlikheid in die effektiewe oordrag van die Evangelie gemaak, waarby die volgende hoofstuk aansluit.

Hoofstuk 6 (PERSOONLIKHEID, PERSOONLIKHEIDSTYLE EN PERSOONLIKHEIDSTIPES) verskaf die breë psigologiese raamwerk waarin persoonlikheid en persoonlikheidstyle in die proefskrif beskou word. Die leser word kortliks in die psigologie as geesteswetenskap ingelei aan die hand van vyf breë onderafdelings van die sielkunde met spesifieke verwysing na die Personologie (wat die psigologiese raamwerk van die ondersoek tipeer). Verskillende sielkundige benaderings word kortliks genoem met klem op die karaktertrekbenadering wat vir die doeleindes van hierdie proefskrif belangrik is. Aan die hand van die vyf-faktorteorie (die Groot Vyf) word vyf basiese dimensies van persoonlikheid (waarby die MBTI® aansluit) aangeraak en dan word persoonlikheid gedefinieer. Enkele perspektiewe word in terme van persoonlikheid op gemene delers, individualiteit en uniekheid verskaf en daarna word psigologiese tipologieë (persoonlikheidstipes) en -karaktertipes kortliks bespreek. Vervolgens mond persoonlikheidstyle as toespitsing van die voorafgaande uit in die sestien persoonlikheidstylvoorkeure van die MBTI®. Hierdie persoonlikheidstyle word in Hoofstuk 10 elkeen spesifiek gedefinieer.

In Hoofstuk 7 (PSIGOMETRIESE EVALUERING) word verskillende psigometriese instrumente wat ŉ bydrae tot die terrein van die proefskrif sou kon lewer, ondersoek en die keuse vir ’n spesifieke instrument, naamlik die MBTI® (Myers-Briggs Type Indicator®) gemotiveer en verdedig. Met verwysing na ’n groot verskeidenheid sielkundige skole en psigometriese toetse word vyf ander potensiële psigometriese instrumente kortliks bespreek en (wat die doeleindes van die proefskrif betref) geweeg. Die betrokke psigometriese instrumente is die ‘Sestien-persoonlikheidsfaktor-vraelys’ (16PF), Hans Eysenck se *‘Personality Questionnaire’ (EPQ),* die *‘Minnesota Multiphasic Personality Inventory’ (MMPI)*, die ‘*Edwards Personality Inventory’* (*EPI*) en die ‘*Enneagram’.*

Die basiese vereistes wat aan ’n geskikte meetinstrument ten opsigte van die proefskrif gestel word, potensiële slaggate, punte van kritiek en algemene kritiese vrae word hanteer voordat die MBTI® as die mees geskikte instrument geïdentifiseer word. Laastens word die moontlikheid dat die MBTI® as instrument kan meewerk om eredienste te balanseer, kortliks aangeraak. Hierdie moontlikheid word later opgevolg en aangevul deur Afdeling 3 waar praktiese toepassings en voorstelle gemaak word.

In Hoofstuk 8 (JUNG EN PERSOONLIKHEID) word die bekende psigiater Carl Gustav Jung se psigologiese model wat die MBTI® onderlê, ondersoek en in beginsel weergegee. Opmerkings word gemaak oor die diepte-psigologie en psigo-analise en die basiese boustene daarvan naamlik die *id, ego* en *superego.* Meer agtergrond word dan verskaf oor Jung en sy tipologisering asook ander Jungiaanse konsepte soos ekstraversie en introversie, individuasie, die onbewuste, argetipes en drome en simboliek. Vervolgens word Jung se hermeneutiese aanpak (wat bydra om ’n brug te vorm tussen die erediens en persoonlikheid) kortliks bespreek. Hieruit blyk dat Jung se perspektiewe veral hermeneuties aansluiting vind by Heidegger, Gadamer en Ricoeur. Die hoofstuk word afgesluit met ‘n teologiese waardering van Jung en ’n uiteensetting van sy bydrae en relevansie tot die effektiewe verkondiging van die Evangelie in terme van verskillende persoonlikheidstyle in die erediens.

In Hoofstuk 9 (TEORETIESE ONDERBOU VAN DIE MBTI®) word die teoretiese onderbou van die MBTI® (in aansluiting by die vorige hoofstuk wat Jung se bydrae verreken het) verder uiteengesit. Hierin word die MBTI® as ’n Jungiaanse selfrapport-vraelys getipeer, wat deur die insette van Myers en Briggs aangevul is met ‘n vierde digotomie ten opsigte van Lewenstyl. Dit loop uit op sestien gedifferensieerde persoonlikheidstyle.

Daarna word die standaardisering van die MBTI® asook verskeie vlakke van interpretasie bespreek. Hierna word die interpretasie van die agt

enkelfaktore (E/I/S/N/T/F/J/P) asook kombinasies daarvan bespreek. Ten slotte word die samehang van die uiteindelike vierfaktorkombinasies asook die dinamika van die vierfaktorkombinasies én die religieuse implikasies daarvan uiteengesit.

In Hoofstuk 10 (DIE SESTIEN MBTI® TIPOLOGIEË) word 'n breedvoerige uiteensetting en verduideliking van die sestien MBTI® tipologieë aan die hand van tien fokuspunte verskaf. Die tien fokusareas omvat 'n kort definisie van elke persoonlikheidstyl, 'n beskrywing van die kerndinamika van die persoonlikheidstyl, 'n bondige samevatting van die persoonlikheidstyl, die optimale funksionering van elke persoonlikheidstyl, die karaktereienskappe wat elke persoonlikheidstyl tipeer, 'n uiteensetting van hoe ander persone mense met spesifieke persoonlikheidstyle beleef, die uitlig van potensiële groeiareas by elke persoonlikheidstyl, 'n aanduiding van die persoonlikheidstyl se optrede onder druk, enkele organisatoriese voorkeure van elke persoonlikheidstyl asook byvoeglike naamwoorde wat help om die persoonlikheidstyl te beskryf. Sodoende word die MBTI® persoonlikheidstylvoorkeure naamlik die ISTJ, ISFJ, INFJ, INTJ, ISTP, ISFP, INFP, INTP, ESTP, ESFP, ENFP, ENTP, ESTJ, ESFJ, ENFJ en ENTJ in fyn besonderhede uiteengesit. Hierdie uiteensettings help die liturg om 'n omvattende prentjie van erediensgangers in die erediens te vorm.

## 13.3 Afdeling 3

Afdeling 3 omvat die konkluderende fase van die ondersoek waarin die bevindinge van die teoretiese literatuurstudie uiteengesit word. In hierdie afdeling word 'n praktykteorie ontwikkel en inligting deurgegee wat erediensgangers, predikante, kerkrade en gemeentes dien en die prakties-teologiese vakkennis verbreed. Afdeling 3 bestaan uit Hoofstukke 11 en 12 waarin afleidings vanuit die literatuurstudie gemaak, verbande gelê, gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gestel word.

In Hoofstuk 11 (ALGEMENE EISE EN UITDAGINGS) word die algemene eise en uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van die sestien MBTI®-persoonlikheidstylvoorkeure effektief in 'n erediens te kan aanspreek en betrek, bespreek. Eers word die algemene eise en uitdagings bespreek en voorstelle gemaak wat die algemene faktore in die erediensgangers se *lebenswelt* (Hoofstuk 5) verreken. Hier word behoeftes en verwagtinge, teologies-antropologiese perspektiewe en spiritualiteit, die tydgees en generasies, psigologiese ontwikkelingsfases en stadia van geloofsontwikkeling, selektiewe momente, politiek, verhoudinge, sosiale konteks, kleredrag en gemoedstoestand asook die taal en kultuur, integriteit, geslagtelikheid, seksuele oriëntasie en die verdedigingsmeganismes van die erediensganger prakties verreken.

Daarna word aandag gegee aan rol en bepaling van persoonlikheidstyle by die liturg, asook die praktiese implikasies en toepassing van die meer toegespitste MBTI® enkelfaktore en -kombinasiefaktore by die liturg én erediensgangers. Hermeneutiese-, liturgiese- en homiletiese eise word ten opsigte van die enkelfaktor MBTI® voorkeure en ten opsigte van die dubbelfaktor kombinasies verreken. Die hoofstuk sluit af deur ander algemene praktiese eise, voorstelle en uitdagings soos die bepaling van die erediensgangers se MBTI® profiel, die moontlikheid van verskillende eredienste in spanverband, variasie tussen eredienste (afwisseling), die afwisseling van liturgiese elemente en die moontlikheid van die ontwikkeling van 'n doelbewus gekose erediens-identiteit aan te bied.

In Hoofstuk 12 (SPESIFIEKE EISE, UITDAGINGS EN AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE SESTIEN MBTI® TIPOLOGIEË) word die spesifieke eise en uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van al sestien verskillende MBTI® Persoonlikheidstyle effektief in die erediens te kan aanspreek, uitgespel. Hermeneutiese-, liturgiese- en homileties-kommunikatiewe eise ten opsigte van elkeen van die sestien MBTI® persoonlikheidstyle word prakties verreken met die oog op 'n kommunikatiewe praktykteorie wat ten opsigte van eredienste gebruik kan word.

By die hermeneutiese eise word telkens meer lig gewerp op die verstaansdimensie van elke persoonlikheidstyl. Liturge word gehelp om erediensgangers van elke persoonlikheidstyl hermeneuties beter te kan verstaan en te kan verreken. Daarna word in die liturgiese eise voorstelle gemaak ten opsigte van die liturgiese inkleding wat elke persoonlikheidstyl in die erediens sal kan aanspreek. Spesifieke aandag word by die homiletiese eise aan uitdagings en praktiese voorstelle ten opsigte van effektiewe prediking en die effektiewe kommunikasie in die erediens ten opsigte van elke persoonlikheidstyl gegee.

## 13.4 Afdeling 4

Afdeling 4 sluit die proefskrif af. In hierdie afdeling word die ondersoek kortliks saamgevat en ’n volledige bibliografie aan die hand van ’n aangepaste *Harvard* metode verskaf. Hoofstuk 13 (SAMEVATTING) bevat dus ’n kort samevatting van die proefskrif en in die BIBLIOGRAFIE word ’n breedvoerige uiteensetting van die bibliografiese verwysings verskaf aan die hand van die *Harvard* metode.

# BIBLIOGRAFIE

Andersen, L 2007. *The language of hopelessness in preaching: Pastoral care in the preaching of Hope,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a language of hope*, in `Studia Homiletica 6, 203-212. Pretoria: Protea Book House.

Arnold, J, Cooper, CL & Robertson, IT 1998. *Work Psychology. Understanding Human Behavior in the Workplace.* Great Britian: Financial Times Professional Limited.

Austin, JL 1990. *How to do things with Words,* in Urmson, JO & Sbisa, M (eds). Oxford, New York.

Barnaby, K & D'Acierno, P 1990. *C.G. Jung and the Humanities – Toward a Hermeneutics of Culture*, xv-xxix, in Barnaby, K & D'Acierno, P (eds). Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

Barnard, AC 1985. *Die Erediens.* Kaapstad: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Barnard, M 1998. *Liturgiewetenschap als discipline,* in Oskamp, P & Schuman, N (reds) 1998, *De Weg van de Liturgie – Tradities, Achtergronden, Praktijk.* Zoetermeer: Meinema.

Barnard, M 2000. *Liturgiek als Wetenschap van Christelijke Riten en Symbolen.* Universiteit van Amsterdam: Amsterdam.

Barnard, M 2001. *Dynamiek van Cultus en Cultuur,* in Barnard, M en Post, P (reds), *Ritueel Bestek – Antropologischen kernwoorden van de liturgie*, 47-62. Zoetermeer: Meinema.

Barnard, M 2006. *Liturgie voorbij de Liturgische Beweging – Over 'Praise and Worship', Thomasvieringen, Kerkdiensten in Migrantenkerken en Ritualiteit op het Internet.* Zoetermeer: Meinema.

Barnard, PH 2004. *'n Prakties-teologiese Ondersoek na Spiritualiteitstipes in Eredienste in die Ring van die Paarl*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Barth, K 1991. *Homiletics,* in Bromiley, GW & Daniels, DE (trans). United States of America: Westminister/John Knox Press.

Bayne, R 1995. *The Myers-Briggs Type Indicator® – A Critical Review and Practical Guide.* London: Chapman & Hall.

Becker, H 1992. *Generaties en hun Kansen.* Amsterdam: Meulenhoff.

Bernstein, RJ 1985. *From Hermeneutics to Praxis,* in Hollinger, R (ed), *Hermeneutics and Praxis*, 272. Notre Dame, Indiana USA: University of Notre Dame Press.

Bleicher, J 1980. *Contemporary Hermeneutics – Hermeneutics as Method, Philosophy and Critique.* Great Britain – Londen: Routledge & Kegan Paul.

Botha, PH 2005. *Homoseksualiteit – Vrae en Antwoorde.* Kranskop: Khanya Press (Pty) Ltd.

Buttrick, D 1987. *Homiletic Moves and Structures.* Philadelphia: Fortress Press.

Buttrick, D 1994. *A Captive Voice. The Liberation of Preaching.* Louisville Kentucky: Westminister/John Knox Press.

Buttrick, D 1994a. *On doing Homiletics Today,* in Eslinger RL (ed). *Intersections. Post-critical studies in preaching,* 88-104. Michigan: Grand Rapids.

Carstens, A 1992. *Metonimie, polisemie en die leksikografie. Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde 10/3,* 114-122.

Capps, D 1981. *Biblical approaches to pastoral counseling.* Philadelphia: Westminister.

Chauvet, L & M 2003. *Het liturgisch voorgaan in de moderniteit: mogelijke kansen van een crisis,* in Lamberts, J (red). *Ars celebrandi of de kunst van het waardig vieren van de liturgie,* 63-83. Leuven: Acco.

Christian, WA 1964. *Meaning and Truth in Religion.* Princeton: Princeton University Press.

Chupungco, AJ 1994. *Liturgy and the components of culture,* in Stauffer, AS (ed), *Worship and culture in dialogue*, 153-166: Geneve.

Cilliers, JH 2004. *The living voice of the gospel. Revisiting the basic principles of preaching.* Stellenbosch: Sun Press.

Cilliers, JH 2007. *Preaching as language of hope in a context of HIV and Aids,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a language of hope*, in Studia Homiletica 6, 155-176. Pretoria: Protea Book House.

Codrington, G & Grant-Marshall, S 2004. *Mind the gap!* South Africa: Penguin Group.

Coetzee, JM 2003. *Elizabeth Costello – Eight Lessons.* London: Secker & Warburg.

Coetzee, M 1997. *'n Analise van die Myers-Briggs Type-Indicator Profiele in 'n Postmodernistiese Organisasie*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

CPP, 1993. Consulting Psychologists Press, Inc. Distrubuted in South Africa by Jopie van Rooyen and Partners (SA) Pty Ltd: Goldfields Press.

De Gruchy, JW 1984. *Jung and Religion: A Theological Assessment,* in *Jung in Modern Perspective*, 193-203. South Africa and London: AD Donker Publisher.

De Klerk, BJ 2007. *Preaching Hope within a Societal Context of Hunger and of Affluence,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 177-202. Pretoria: Protea Book House.

De Man, P 1990, *C.G. Jung and the Humanities*, in Barnaby, K & D'Acierno, P (eds), *Toward a Hermeneutics of Culture*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

De Roest, H 1998. *Communicative Identity – Habermas' Perspectives of Discourse as a Support for Practical Theology.* The Netherlands: Uitgeverij Kok – Kampen.

Derksen, LD 1983. *On Universal Hermeneutics. A Study in the Philosophy of Hans-Georg Gadamer.* Amsterdam: VU Boekhandel/Uitgeverij.

Die Bybel, 1983. Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV). Kaapstad: NG-Kerk Uitgewers.

Die Bybel, 1957. Ou Afrikaanse Vertaling (OAV), 3$^{e}$ uitgawe. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dingemans, GDJ 1991. *Als Hoorder onder de Hoorders: Een Hermeneutische Homiletiek.* Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Edwards, AL 1970. *The Measurement of Personality Traits by Scales and Inventories.* United States of America: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

Engemann, W 1999. *Wie kommt ein Prediger auf die Kanzel? Elemente zu einer Theologie der Predigt im Kontext des Weimarer Predigtstreits.* Waltrop.

Erikson, EH 1971. *Identity, Youth and Crisis.* Great Britain: Latimer Trend & Co. Ltd Whitstable.

Erikson, EH 1994. T*he Life Cycle Completed.* United States of America: W.W. Norton & Company.

Fontana, D 2000. *Personality in the Workplace.* China: Macmillan Press Ltd.

Fowler, JW 1981. *Stages of Faith. The Psychology of Human Development and the Quest for Meaning.* San Francisco: Harper & Row Publishers.

Francis, LJ 1997. *Personality Type and Scripture. Exploring Mark's Gospel.* London: Wellington House.

Gadamer, HG 1975. *Wahrheit und Methode. Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik.* 4. Auflage. Tübingen: J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).

Gadamer, HG 1976, *Rhetorik und Hermeneutik.* Hamburg: Joachim Jungius-Gesellschaft.

Gadamer, HG 1979. *Truth and Method,* in Glen-Doepel, W (trans) 2nd ed. London: Sheed and Ward Ltd.

Gadamer, HG 1981. *Reason in the Age of Science,* in Lawrence, FG (trans). London: The MIT Press Cambridge.

Gadamer, HG 1991. *Gadamer on Gadamer,* in *Continental Philosophy IV – Gadamer and Hermeneutics*, 13-19. New York and London: Routledge.

Gadamer, HG 1994. *Truth in the Human Sciences,* in Wachterhauser, BR (trans & ed), *Hermeneutics and Truth*. United States of America: Northwestern University Press.

Garhammer, E & Schöttler H-G (Hrsg) 1998. *Predigt als offenes Kunswerk. Homiletik und Rezeptionsästhetik.* München.

Gibbs, E & Coffey, I 2001. *Church Next – Quantum Changes in Christian Ministry.* Great Britian: Inter-Varsity Press.

Gnanavaram, M 2007. *Preaching as language of hope: An Indian perspective,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 213-219. Pretoria: Protea Book House.

Grözinger, A 1991. *Die Sprache des Menschen. Ein Handbuch. Grundwissen für Theologinnen und Theologen.* München: Chr. Kaiser.

Grözinger, A 2007. *The Parables of the Kingdom as Fictions of Hope – the Way from the Bible to the Sermon and the Listeners,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 91-100. Pretoria: Protea Book House.

Grözinger, E 2002. *Preaching as a Lifelong Process of Creating Perspectives,* in Immink, G & Stark, C (eds), *Preaching: Creating Perspective,* 167-183. Utrecht: Societas Homiletica.

Grözinger, E 2007. *Hope in the Field of Psychotherapy,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 225-227. Pretoria: Protea Book House.

Habermas, J 1993. *Na-metafysisch denken,* in Middelhoek, A (vert), Kampen: Kok Agora.

Hall, JA 1986. *The Jungian Experience – Analysis and Individuation.* Canada: Webcom Limited.

*Handboek vir die Erediens - van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* 1988. Uitgegee in opdrag van die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Goodwood Kaap: Nasionale Boekdrukkery – NG Kerk-Uitgewers.

*Handleiding vir die Erediens - Nederduitse Gereformeerde Kerk* 2007. Uitgegee in opdrag van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Wes-Kaap: BM Bybel-Media - ABC Boekdrukkers.

Harder, AF 2006. *The Developmental Stages of Erik Erikson*. An article on Internet: Internet.

Heitink, G 1990. *Theologie en psychologie: Een spanningsveld*. Gereformeerd Theologisch Tijdschrift, (4), 206-220.

Heitink, G 1999. *Practical Theology. History. Theory. Action Domains.* Grand Rapids: Eerdmans.

Heitink, G 2003. *Tussen 'oprit 57' en 'afslag 03' de Weg, het Landschap en de Praktische Theologie.* Kampen: Kok.

Heitink, G 2004. *Liturgiek tussen Verkondigen en Vieren,* in Barnard, M Heitink, G & Leene, H (reds), *Letter en Feest – In Gesprek met Niek Schuman over Bijbel en Liturgie*, 73-85. Zoetermeer: Meinema.

Heitink, G 2007. *Een kerk met karakter – Tijd voor heroriëntatie.* Kampen: Kok.

Hermelink, J 2007. *The Theological Understanding of Preaching Hope,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 29-58. Pretoria: Protea Book House.

Hirsh, SK & Kise, JAG 1997. *Looking at Type and Spirituality.* United States of America: Center for Applications of Psychological Type, Inc.

Hogan, LL 2005. *The Individual in Relation to Public Preaching,* in *Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict,* in Studia Homiletica 5, 100-108. Gospel Works: Societas Homiletica.

Hogan, LL 2007. *Homiletical Research,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 128-137. Pretoria: Protea Book House.

Hoy, DC 1978. *The Critical Circle Literature, History, and Philosophical Hermeneutics*. United States of America: University of California Press.

Immink, FG 2003. *In God geloven: Een Praktisch-theologische Reconstructie.* Zoetermeer: Meinema.

Immink, FG & Verweij, A 2007. *Dealing with the Suffering of Jesus in the Context of a Suffering World: An Example of Emperical Homiletics,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 141-154. Pretoria: Protea Book House.

Jansen, MM 2002. *Talen naar God. Wegwijzers by Paul Ricoeur.* Nijmegen.

Jeanrond, WG 1991. *Theological Hermeneutics: Development and Significance.* New York: Crossroad Publishing Company.

Jonker, H 1978. *Liturgische Oriëntatie. Gesprekken over de Eredienst.* 3^e^ uitgawe. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Jonker, WD 1985. *Die Woord as Opdrag,* 2^e^ uitgawe. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Jung, CG 1924. *Psychological Types or The Psychology of Individuation.* New York: Harcourt, Brace & Company, Inc.

Jung, CG 1953. *Two Essays on Analytical Psychology*, (vol 7), in Hull, RFC (trans), *The Collected Works of C.G. Jung*. New York: Pantheon Books.

Jung. CG 1974. *Man and his Symbols.* London: Aldus Books Limited.

Jung, CG 1979. *C.G. Jung: Psychological Reflections – A New Anthology of his Writings 1905 – 1961.* Great Britian: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Keifert, P 2006. *A Missional Journey of Spiritual Discovery – We are Here Now: A New Missional Era.* Idaho: Allelon Publishing.

Keulartz, J 1992. *De Verkeerde Wereld van Jürgen Habermas.* Amsterdam: Boom Meppel.

Kilian, J 1989*. Form and Style in Theological Texts*: *A Guide for Users of the Harvard Reference System,* 2nd rev ed. Pretoria: University of South Africa.

Klemm, DE 1983. *The Hermeneutical Theory of Paul Ricoeur. A Constructive Analysis.* United States of America: Associated University Presses, Inc.

Kline, P 1983. *Personality Measurement and Theory.* London: Hutchinson & Co (Publishers) Ltd.

Komrij, G 1999. *Die Afrikaanse Poësie in 'n Duisend en Enkele Gedigte.* Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.

Kritzinger, JJ 2000. *Navorsing in die Fakulteit Teologie* se *Riglyne vir Studente.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Letšosa, R 2007. *Preaching Love as the Supportbase for the Alleviation of Poverty,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 220-224. Pretoria: Protea Book House.

Levesque, LC 2001. *Breakthrough Creativity – Achieving Top Performance using the Eight Creative Talents.* United States of America: Davies-Black Publishing.

Levine, J 1999. *The Enneagram Intelligences. Understanding Personality for Effective Teaching and Learning.* United States of America: Greenwood Publishing Group, Inc.

Lextheo 2006. www.lextheo.edu/homiletics.html: Internet.

Lindhardt, M 2007. *Shame and Hope,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 116-127. Pretoria: Protea Book House.

Loder, JE 1989. *The Transforming Moment: Understanding Convictional Experiences,* 2nd ed. Colorado Springs: Helmers & Howard.

Long, TG 1988. *The Senses of Preaching.* Atlanta: John Knox Press.

Long, TG 1989. *The Witness of Preaching.* Louisville Kentucky: Westminister/John Knox Press.

Long, TG 1994. *The Rise of Narrative Preaching,* in Vos, CJA (ed), *Proclaim the Gospel.* Pretoria - Grand Rapids: Eerdmans.

Louw, DJ 1998. A *Pastoral Hermeneutics of Care and Encounter – A Theological Design for a Basic Theory, Anthropology, Method and Therapy.* Cape Town: Lux Verbi.

Lundin, R, Thiselton, A & Walhout, C 1985. *The Responsibility of Hermeneutics.* United Kingdom: William B Eerdmans Publishing Company.

Masango, MJS 2007. *Who Touched Me?* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 231-236. Pretoria: Protea Book House.

McClure, JS 1991. *The Four Codes of Preaching – Rhetorical Strategies.* Minneapolis: Fortress Press.

McClure, JS 1996. *The Roundtable Pulpit: Where Leadership and Preaching Meet.* Nashville: Abingdon Press.

McClure, JS 2003. *How to Use the Theological Profile,* in Cooper, BZ & McClure, JS, *Claiming Theology in the Pulpit,* 71-120. Louisville London.

Misgeld, D 1985. *On Gadamer's Hermeneutics,* in Hollinger, R (ed), *Hermeneutics and Praxis*, 148-149. Notre Dame, Indiana USA: University of Notre Dame Press.

Misgeld, D & Nicholson, G (eds) 1992. *Hans-Georg Gadamer on Education, Poetry, and History,* in Schmidt, L & Reuss, M (trans), *Applied Hermeneutics.* United States of America: State University of New York Press, Albany.

Mitchell, JP 1999. *Visually Speaking. Radio and the Renaissance of Preaching.* United States: Westminister/John Knox Press.

Mooij, AWM & Widdershoven, GAM (reds) 1992. *Hermeneutiek en Psychologie. Interpretatie in Theorievorming, Onderzoek en Psychotherapie.* Amsterdam: Boom Uitgeverij.

Moore, BE & Fine, BD 1990. *Psychoanalytic Terms & Concepts.* New Haven and London: The American Psychoanalytic Association and Yale University Press.

Mouton, E 2007. *Transmitting Hope in the New Testament,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 73-87. Pretoria: Protea Book House.

Müller, JC 1983. *Die Homilie as Wyse van Eietydse Prediking.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Müller, JC 1990. *Die Erediens as Fees.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Myers, IB 1998. *Introduction to Type.* 6th ed. California: Consulting Psychologists.

Myers, KD 1998a, in Geldart, WJ. *Katharine Downing Myers and Whole MBTI Type – an Interview,* 2 by © Walter Joseph Geldart, M. Eng., M. Div.

Nel, M 2001. *Ek is die Verskil! Die Invloed van Persoonlikheid in die Prediking.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Nell, I 2003. Klasaantekeninge ten opsigte van MA in Erediens: *Hermeneutiek en Eksegese*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Nicol M, 2002. *The Art of Preaching versus the Doctrine of God? The Role Dogmatics plays in Preaching,* in Immink, G & Stark, C (eds), *Preaching: Creating Perspective,* 184-195. Utrecht: Societas Homiletica.

Nierop, JM 2007. *Teaching Homiletics with Rudolph Bohren's 'Predigtlehre',* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 111-115. Pretoria: Protea Book House.

Noordmans, O 1939. *Liturgie.* Amsterdam: Uitgeversmaatschappij Holland.

Oskamp, P & Schuman, N (reds) 1998. *De Weg van de Liturgie – Tradities, Achtergronden, Praktijk.* Zoetermeer: Meinema.

Oskamp, P & Geel, R 1999. *Concreet en Beeldend Preken.* Bussum: Coutinho.

Oswald, RM & Kroeger, O 1996. *Personality Type and Religious Leadership.* The Alban Institute.

Oudemans, TCW 1988. *Gadamers Wijsgerige Interpretatieleer,* in De Boer, T en anderen, *Hermeneutiek – Filosofische Grondslagen van Mens- en Cultuurwetenschappen*, 54-89. Amsterdam: Boom Meppel.

Page, EC 1998. *Looking at Type – A Description of the Preferences Reported by the 'Myers-Briggs Type Indicator®',* 4th ed. Florida: Center for Applications of Psycological Type.

Palmer, RE 1977. *Hermeneutics Interpretation Theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger, and Gadamer,* 4th edition. Evanston: Northwestern University Press.

Pervin, LA 1970. *Personality – Theory, Assessment, and Research.* United States of America: John Wiley & Sons, Inc.

Pienaar, JF 1996. *Die Begeleiding van 'n Predikant tydens sy Midlewe. 'n Eko-hermeneutiese Perspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Pieterse, HJC 1986. *Verwoording en Prediking.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, HJC 1991. *Gemeente en Prediking.* Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, HJC 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, HJC 2001 (ed). *Desmond Tutu's Message. A Qualitative Analysis,* 2nd ed. Leiden-Boston-Kölen: Brill.

Pieterse, HJC 2007. *Hoe kom God aan die Woord in die Prediking? Die Werklikheid en Taal waarin ons oor God praat*, in *Praktiese Teologie in Suid-Afrika Volume 22 (1),* 118-134. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Ploeger, AK 1989. *Diskurs. De Plaats van Geloofservaringen binnen de Rationele Handelingstheorie van Jürgen Habermas.* Gravenhage: Boekencentrum.

Plug, C, Meyer, WF, Louw, DA & Gouws, LA 1986. *Psigologie-Woordeboek,* 2e uitgawe. Johannesburg: McGraw-Hill.

Post, P 2001. *Feest,* in Barnard, M en Post, P (reds), *Ritueel Bestek – Antropologischen Kernwoorden van de Liturgie,* 171-173. Zoetermeer: Meinema.

Potgieter, J & Steyn, B 1986. *Sielkundige Aspekte van Fisieke Aktiwiteit, Spel en Sport.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars.

Quenk, NL 1996. *In the Grip – Our Hidden Personality.* Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press.

Repicky, RA 1988. *Jungian Typology and Christian Spirituality,* in Moore, RL 1988 (ed), *Carl Jung and Christian Spirituality,* 188-205. New York: Paulist Press.

Ricoeur, P 1981. *Hermeneutics and the Human Sciences*, in Thompson, JB 1981 (ed), *Paul Ricoeur – Hermeneutics and the Human Sciences. Essays on Language, Action and Interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricoeur, P 1991: *From Text to Action, in* Blamey, K & Thompson, JB (eds & trans), *Essays in Hermeneutics II.* United States of America: Northwestern University Press.

Rossouw, HW 1981. *Wetenskap, Interpretasie, Wysheid.* Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.

Schmidt, LK 2006. *Understanding Hermeneutics.* United Kingdom: Acumen.

Schmit, CL 2003. *What Lutherans have to offer mission in preaching,* in *Dialog: A Journal of Theology* 42 (4), 356-365.

Schweitzer, F 2003. *Civil Society without Religion? The Role of Theology in Multi-cultural Europe.* Paper presented at the International Academy for Practical Theology, 1-9.

Sharp, D 1987. *Personality Types – Jung's Model of Typology.* Canada: Inner City Books.

Shelley, D & Cohen, D 1986. *Testing Psychological Tests.* London & Sydney: Croom Helm.

Smit, A 2001. *Kerklike toepassings van die MBTI®,* in Van Rooyen, J. *Myers-Briggs Type Indicator® Training Manual,* 5th ed. Johannesburg: Consulting Psychologists & HR Development.

Smit, D 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Smit, GJ 1986. *Psigometrika. Aspekte van Toetsgebruik.* Natal: Interpak.

Smuts, AJ 1988. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Vernuwing van die Erediens.* Pretoria: NGKB.

Stark, C 2005. *Emperical Research in the Field of Homiletics: Asking for the Hearer's Voice,* in *Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict*, in Studia Homiletica 5, 90-99. Gospel Works: Societas Homiletica.

Stark, C 2007. *'Flickering Hope after 40 years' – A Rereading of Moltmann's 'Theology of Hope' for Today's Preaching,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds), *Preaching as a Language of Hope*, in Studia Homiletica 6, 101-110. Pretoria: Protea Book House.

Steyn, CS 1991. *'n Prakties-teologiese Ondersoek na Lofprysing in die Ned. Geref. Kerk.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Steyn, CS 2004. *'n Prakties-teologiese Ondersoek na die Invloed van die Liturg se MBTI® Persoonlikheidstyl op die Voorbereiding, Inkleding en Aanbieding van 'n Erediens.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Sweet, L 1999. *soulTsunami – sink or swim in New Millenium Culture.* United States of America: Zondervan.

Sweet, L, McLaren, BD & Haselmayer, J 2003. *A is for Abductive – The Language of the Emerging Church.* United States of America: Zondervan.

Thiselton, AC 1992. *New Horizons in Hermeneutics.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Thompson, JB (ed) 1981. *Paul Ricoeur – Hermeneutics and the Human Sciences. Essays on Language, Action and Interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Totius, 1977. *Versamelde Werke X*. Eeufees-uitgawe. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Bpk.

Troeger, TH 1990. *Imagining a Sermon.* Nashville: Abingdon.

Troeger, TH 2007. *Seeing visions and dreaming dreams: The imaginitive power of preaching hope,* in Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH (eds). *Preaching as a language of hope*, in Studia Homiletica 6, 59-72. Pretoria: Protea Book House.

Van Huysteen, JW 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording.* Pretoria.

Van Huysteen, JW 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology.* Grand Rapids Michigan: Eerdmans.

Van der Ven, JA 1985 (red). *Pastoraal tussen Ideaal en Werkelijkheid,* 191-207. Kampen: Kok.

Van der Ven, JA 1990. *Entwurf einer empirischen Theologie.* Kampen: J.H. Kok Publishing House.

Van Rensburg, E & Simpson, N 2003. *Die Kuns van Familiewees.* Paarl: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Rooyen, J 2001. *Myers-Briggs Type Indicator® Training Manual,* 5th ed. Johannesburg: Consulting Psychologists & HR Development.

Van Ruler, AA 1970. *Waarom zou Ik naar de Kerk gaan?* Nederland: G.F. Callenbach N.V. – Nijkerk.

Van Tongeren, L 2001. *Beleving en Rituele Vormgeving van Tijd,* in Barnard, M en Post, P (reds), *Ritueel Bestek – Antropologischen Kernwoorden van de Liturgie*, 63-76. Zoetermeer: Meinema.

Venter, HJP 1985. *Die Prediker en die Preekgebeure,* in Smuts, AJ (red), *Die Woord aan die Werk,* 56-76. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Vos, CJA 1995. *Die Blye Tyding. Homiletiek uit 'n Hermeneuties-kommunikatiewe Perspektief.* Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 1996. *Die Volheid Daarvan. Homiletiek uit 'n Hermeneuties-kommunikatiewe Perspektief,* Vol I. Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 1996a. *Die Volheid Daarvan. Homiletiek uit 'n Hermeneuties-kommunikatiewe Perspektief,* Vol II. Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA & Pieterse, HJC 1997. *Hoe lieflik is U Woning.* Pretoria: RGN-uitgewery.

Vos, CJA 2005. *Theopoetry of the Psalms.* Pretoria: Protea Book House.

Vos, CJA 2007. *Preaching as a Language of Hope,* in Vos CJA, Hogan LL & Cilliers JH (eds), in *Preaching as a Language of Hope,* Studia Homiletica 6, 11-28. Pretoria: Protea Book House.

Walhout, C 1985, in Lundin, R, Thiselton, A & Walhout C 1985. *The Responsibility of Hermeneutics.* United Kingdom: William B Eerdmans Publishing Company.

Ware, C 1995. *Discover Your Spiritual Type. A Guide to Individual and Congregational Growth.* The Alban Institute.

Watts, FN, Nye, R & Savage, S 2002. *Diversity among Christians,* in *Psychology for Christian Ministry*. Routledge.

Widdershoven, GAM 1988. *De Kritische Hermeneutiek van Habermas,* in De Boer, T et al, *Hermeneutiek – Filosofische Grondslagen van Mens- en Cultuurwetenschappen*, 151-178. Amsterdam: Boom Meppel.

Wikipedia, 2006. http://en.wikipedia.org/wiki/homiletics: Internet.

Wikipedia, 2007. http://en.wikipedia.org/wiki/MyersBriggsTypeIndicator: Internet.